# Assessering van Professionele Bevoegdheid
# November 2015

## Verlang

**Aanvaar jy is die ouditsenior by D Artz & Kie op die oudit van Arubah**

| | |
|---|---|
| (a) | Rig ’n brief aan mnr Malcolm, die Hoof Uitvoerende Beampte van Arubah, vir nasiening en ondertekening deur die aanstellingsouditvennoot, waarin jy met redes aandui of jou firma die belastingdienste aan Arubah en sy direkteure, soos beskryf in die uittreksel uit die konsep notule van die direksievergadering gehou op 17 November 2015 (kyk aanhangsel L vir besonderhede van die versoek), sal kan lewer. Sluit ook enige aspekte in wat aangespreek of uitgeklaar moet word voordat enige ooreengekome dienste uitgevoer kan word. |

**Aanvaar jy is die finansiële rekenmeester van Arubah**

| | |
|---|---|
| (b) | Reageer op me Needham se versoek per haar e-pos gedateer 17 November 2015 (aanhangsel K) en heg ’n gewysigde konsep kapitaalbegroting vir die voorgestelde Pretoria dagkliniek aan. |
| (c) | Berei die interne verslag voor soos versoek in me Needham se e-pos gedateer 16 November 2015 (aanhangsel H). |
| (d) | Stel die rekeningkundige beleid vir inkomste van nuuts af op, in antwoord op me Needham se e-pos gedateer 17 November 2015 (aanhangsel J). |
| (e) | Me Needham het ’n afskrif van mnr Scarbenga se regsmening (aanhangsel G) en die uittreksel uit die konsep notule van die direksievergadering gehou op 17 November 2015 (aanhangsel L) aan jou gestuur. Stel ’n e-pos aan me Needham op waarin jy –<br>• die sleutel finansiële verslagdoeningsoorwegings wat voortvloei uit die regseis teen Arubah uiteensit; en<br>• enige kwelllings lys wat jy moontlik met betrekking tot die direkteure se optrede en menings gelug op die bostaande direksievergadering het. |
| (f) | Me Needham het die e-pos gedateer 4 November 2015 (aanhangsel B) wat sy aan mnr Malcolm gestuur het, na jou aangestuur. Stel ’n e-pos aan me Needham op waarin jy enige belastinggevolge vir Arabuh, sy aandeelhouers en die B-GSEB-vennote as gevolg van die aangaan van die B-GSEB-transaksie in 2012 identifiseer. |
| (g) | Raam die gelykbreekbesetting van die bestaande Arubah-hospitale ten einde me Needham te help met haar antwoord op dr Kennedy se e-pos gedateer 17 November 2015 (aanhangsel I). Stuur jou berekeninge in ’n e-pos aan me Needham saam met die bykomende inligting wat jy nodig sal hê om die raming van die gelykbreekbesetting te verfyn. |
| (h) | Mnr Malcolm het ’n e-pos wat hy vanaf Crackerjack & Kie, gedateer 13 November 2015, ontvang het aan jou gestuur (aanhangsel F). Stel ’n e-pos aan mnr Malcolm op waarin jy krities kommentaar lewer op die sleutelaangeleenthede wat Crackerjack & Kie ge-opper het en identifiseer enige verdere sleutelaangeleenthede wat Arubah met betrekking tot die keuse en implementering van die OHB-stelsel moet oorweeg. |


© SAICA 2015